higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

TOERISMEWETENSKAP
NKR VLAK 4

(11011044)

13 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Skryf die korrekte afkortings vir elk van die volgende beskrywings: Skryf die antwoord langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Uitstalvereniging van Suid-Afrika ('Exhibition Association of South Africa')

1.1.2 Lughawensmaatskappy van Suid-Afrika

1.1.3 Toerismesakeraad van Suid-Afrika

1.1.4 Internasionale Burgerlike Lugvaartowerheid

1.1.5 Suid-Afrikaanse Vereniging vir die Konferensiebedryf

1.1.6 Belasting op toegevoegde waarde

1.1.7 Suid-Afrikaanse Vergaderingsbedryffederasie

1.1.8 Suid-Afrikaanse Lugdiens

1.1.9 Algemene verkoopsagent

1.1.10 Internasionale Lugvervoervereniging

(10 × 1) (10)

1.2 Alle binnelandse en internasionale lughawens het soortgelyke fasiliteite vir reisigers.

Noem SES vertrek- en aankomstefasiliteite wat vir reisigers beskikbaar is. (6)

1.3 Klassifiseer die volgende versoeke as óf LIG DIE LUGREDERY IN óf MOENIE DIE LUGREDERY INLIG NIE. Kies die antwoord en skryf slegs 'Lig die lugredery in' of 'Moenie die lugredery inlig nie' langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 Totaal onbeweeglike passasier

1.3.2 Passasier op 'n draagbaar

1.3.3 Vrou wat vier weke swanger is

1.3.4 Agtjaaroue kind wat saam met ouers reis

1.3.5 Negejaaroue kind wat onvergesel reis

(5 × 1) (5)

1.4 Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

Satara is 'n besige ruskamp, en nie sonder rede nie. Dit is 'n uitstekende plek om na wild te kyk, met die bos relatief oop en die diere volop en met groot verskeidenheid.

Die ruskamp self het 'n landelike aantrekkingskrag, met die grootste deel van die akkommodasie wat in 'n reeks sirkels gerangskik is. Satara het baie bome en daar is heelwat voëls. Snags meng die klik van vrugtevlermuise met die getjirr van sonbesies en krieke. Die roep van uile en naguile klink saam met die simfonie wat van tyd tot tyd onderbreek word deur die gelag van 'n hiëna, die skreeu van 'n jakkals en die gebrul van leeus.

Bron: Vertaal uit advertensie www.tripadvisor.co.za

1.4.1 Verduidelik kortliks waarom daar veiligheidsregulasies by wildreservate is. (2)

1.4.2 Satara se bestuur het jou gevra om hulle te help om 'n lys veiligheidsregulasies saam te stel wat op hulle kennisgewingborde sal verskyn.

Noem TEN minste TIEN van hierdie regulasies om op die kennisgewingbord by Satara te plaas. (10)

1.5 Sê of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.5.1–1.5.7) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.5.1 Besoekers mag diere voer as hulle honger lyk.

1.5.2 Oornagverblyf word slegs in afgebakende gebiede toegelaat.

1.5.3 Reissnelhede kan 100–120 km/h in 'n nasionale park bereik.

1.5.4 Dit is verbode om uit voertuie te hang/om sonder toesig te gaan stap.

1.5.5 Verwydering van brandhout of versteuring van die flora word toegelaat.

1.5.6 Dronk gedrag sal nie geduld word nie, en alkohol mag nie in openbare plekke of in jou privaat voertuig gebruik word nie.

1.5.7 Maak altyd soveel geraas as moontlik; diere en gaste sal daarvan hou.

(7 × 1) (7)

[40]

VRAAG 2

2.1 Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae.

Die **2018-Fifa-wêreldbeker** was die 21e FIFA-wêreldbeker, 'n vierjarige internasionale sokkertoernooi waarin die nasionale manspanne van die lidverenigings van FIFA meeding. Dit is deur Rusland aangebied en het op 14 Junie begin en met die laaste wedstryd op 15 Julie 2018 geëindig.

Dit was die eerste wêreldbeker wat in Oos-Europa gehou is en die elfde keer dat dit in Europa was. Vir die eerste keer het die wedstryd op twee vastelande plaasgevind – Europa en Asië. Al die stadionne buiten een was in Europese Rusland. Teen 'n geraamde koste van $14,2 miljard was dit die duurste Wêreldbeker tot nog toe. Dit is ook die eerste Wêreldbeker waar video-assistentskeidsregters (VAR) gebruik is.

Daar was 32 nasionale spanne by die finale toernooi betrokke, wat 31 spanne ingesluit het wat vasgestel is deur kwalifiserende kompetisies en die gasheerspan wat outomaties gekwalifiseer het. Van die 32 spanne het 20 agtermekaar verskyn ná die laaste toernooi in 2014, insluitende die verdedigende kampioen Duitsland, terwyl Ysland en Panama vir die eerste keer aan 'n FIFA-wêreldbeker deelgeneem het. Altesaam 64 wedstryde is by 12 plekke in 11 stede gespeel. Die finaal het op 15 Julie by die Luzhniki-stadion in Moskou plaasgevind.

[Bron: Aangepas en vertaal uit Wikipedia, die vrye ensiklopedie]

2.1.1 In watter land is hierdie geleentheid volgens die artikel gehou? (1)

2.1.2 Watter soort geleentheid is dit? (1)

2.1.3 Noem die plek waar die finaal plaasgevind het en motiveer waarom jy dink dat dit 'n ideale plek vir hierdie geleentheid is. (1 + 2) (3)

2.1.4 Hoe sou jy die sukses van 'n geleentheid bepaal deur die VIER verskillende maatstawwe te gebruik? (4)

2.2 Enige groot geleentheid hou 'n aantal potensiële gevare in vir die mense wat dit bywoon en as gasheer daarvoor optree sowel as vir die eiendom.

Verduidelik kortliks die doel van die volgende wetgewing vir die organisering van geleenthede:

2.2.1 Wet op Rampbestuur 57 van 2002 (4)

2.2.2 Wet op Beroepsgesondheid en -Veiligheid 85 van 1993 (OHSACT) (4)

2.3 Noem VYF aspekte wat jy in ag moet neem wanneer jy 'n plek kies. (5)

2.4 Stel 'n plek in Suid-Afrika voor wat vir die volgende geleenthede gebruik kan word en motiveer jou antwoord:

2.4.1 Toerisme-indaba

2.4.2 FIFA-wêreldbeker sokkerwedstryd

2.4.3 Motorresies

2.4.4 Skoonheidswedstryd

(4 × 3) (12)

2.5 Watter TWEE vastelande was gasheer vir die geleentheid in die artikel? (2)

2.6 Noem die VIER professionele liggame wat geleenthede in Suid-Afrika reguleer. (4)

[40]

VRAAG 3

3.1 'n Groep van vyf studente van die EEC TVET-kollege word beurse gegee om ingenieurswese 12 maande lank in China te bestudeer. Die studente se ouderdomme wissel tussen 18 en 25.

3.1.1 Noem TWEE dokumente waarvoor hulle moet aansoek doen voor hulle kan reis. (2)

3.1.2 Waar kan hulle aansoek doen om die dokumente wat in VRAAG 3.1.1 genoem is? (2)

3.1.3 Verduidelik die dinge wat reisigers nodig het wanneer hulle om 'n visum aansoek doen. (4)

3.2 Die studente sal op 5 Januarie vanaf OR Tambo- Internasionale Lughawe vertrek. Hulle sal vir die eerste keer per vliegtuig buite die land reis.

3.2.1 Noem VYF dienste wat die studente by Guangzhou Baiyun-Internasionale Lughawe in China kan gebruik. (5)

3.2.2 Gee hulle raad oor VYF items wat hulle saam met hulle aan boord mag neem. (5)

3.2.3 Wanneer die studente na Suid-Afrika terugkeer, is daar twee roetes wat hulle kan kies om by doeane te volg.

Verduidelik vir hulle wat dit beteken as hulle die rooi roete kies.

(4 × 1) (4)

3.2.4 Verduidelik aan die studente waarom 'n paspoort so 'n waardevolle dokument is. (5 × 1) (5)

3.3 Travel Vision is 'n maatskappy in Johannesburg wat verteenwoordiging en grootmaatdienste an die kleinhandelreisbedryf deur die hele Suid-Afrika voorsien namens 'n groot verskeidenheid van plaaslike en internasionale prinsipale. Die maatskappy werf personeellede vir hulle nuwe kantoor in Nelspruit.

Uit die inligting hier bo, ontwikkel die rol van elkeen van die volgende personeellede wat die maatskappy gewerf het:

3.3.1 Bestuurder

3.3.2 Sekretaresse of administratiewe assistent

3.3.3 Toerbeplanner

3.3.4 Toergids

(4 × 2) (8)

3.4 As die MH-bestuurder, verduidelik die funksies van 'n algemene verkoopsagent (GSA) aan 'n voornemende personeellid. (5 × 1) (5)

[40]

VRAAG 4

4.1 Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae.

Vulkaanuitbarsting in Bali: Die jongste reisraad waarsku toeriste om wakker te wees vir die jongste nuus

Die berg Agung het volgens Bali se nasionale rampversagtingsagentskap weer vroeër vandag uitgebars.

'n Kolom as van 6 500 voet is in die lug ingeblaas ná die ontploffing, wat gister om 9 nm. (2 nm. vandag VK-tyd) plaasgevind het.

Verlede week is 'n aantal vlugte gekanselleer en die hooflughawe was gesluit ná die vulkaan weer uitgebars het.

Die streek is geneig tot vulkane en aardbewings weens sy ligging in die Pasifiese streek.

As gevolg van die laaste groot uitbarsting in 2017 moes meer as 100 000 ontruim word, en baie vlugte na en van die eiland is gekanselleer.

Meer as 59 000 toeriste in die streek was gestrand weens die uitbarsting van die vulkaan.

Die dodelikste ontploffing van die berg Agung het in 1963 plaasgevind, en meer as 1 000 mense is as gevolg daarvan dood.

Dorpies deur die lawa en as platgevee, wat chaos in die streek veroorsaak het.



[Bron: *timeslive.co.za*]

4.1 Identifiseer die natuurramp ('act of God') waarna die artikel hier bo verwys. (2)

4.2 Verduidelik waarom hierdie ramp 'n 'daad van God' ('act of God') genoem word. (2)

4.3 Noem vier ander voorbeelde van natuurrampe. (4)

4.4 Hoe het die natuurramp wat in die artikel hier bo genoem word, die reisigers geraak? (3 × 1) (3)

4.5 Jou bestuurder het vir jou gesê om met kliënte te werk wat hulle vakansies na Bali bespreek het voor hierdie voorval plaasgevind het.

4.5.1 Verduidelik waarom 'n reisplan vir 'n toer as 'n wetlik bindende kontrak beskou word. (4 × 1) (4)

4.5.2 Onderskei tussen die volgende: kontrakbreuk en kontraktuele verpligting. (2 × 2) (4)

4.5.3 Lig jou kliënte in van AGT faktore wat daartoe kan lei dat jou maatskappy die reisplan moet kanselleer of verander. (8)

4.5.4 Wat dink jy sal gebeur as 'n bespreking gekanselleer is sonder dat die kliënt daarvan weet? (5 × 1) (5)

4.5.5 Beskryf kortliks die kontraktuele verpligtinge wanneer 'n plek op 'n toer vir 'n kliënt bespreek word. (4 × 1) (4)

4.6 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord(e) in te vul. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (4.6.1–4.6.4) in die ANTWOORDBOEK neer.

4.6.1 Die ... stel toerpakkette vir reisagentskappe saam.

4.6.2 'n ... visum word aan Suid-Afrikaanse burgers van 16 jaar en ouer uitgereik.

4.6.3 'n ... visum word aan reisigers uitgereik wanneer hy of sy na sy of haar land van herkoms terugkeer.

4.6.4 'n ... visum word aan studente uitgereik wat vir 'n beperkte tyd oorsee gaan om deeltyds te werk.

(4 × 1) (4)

[40]

VRAAG 5

5.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (5.1.1–5.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

5.1.1 Wanneer passasiers vir kommersiële doeleindes vervoer word, moet die bestuurder in besit wees van 'n ...

A privaat bestuurspermit.
B paspoort.
C geldige visum.
D openbare bestuurspermit.

5.1.2 Die snelheidsgrens op nasionale paaie is ...

A 140 km per uur.
B 100 km per uur.
C 120 km per uur.
D 80 km per uur.

Kopiereg voorbehou

5.1.3 In Suid-Afrika bestuur ons aan/in die ...

A linkerkant van die pad.
B regterkant van die pad.
C middel van die pad.
D linker- sowel as regterkant van die pad.

5.1.4 'n Lisensie wat nodig is om 'n ligte motorvoertuig te bestuur, word 'n ... genoem.

A Kode 10
B Kode 08
C Kode 14
D Kode 12

5.1.5 Passasiers mag om 'n noodvisum aansoek doen wanneer daar 'n ... is.

A troue in die gesin
B 'n nabye familielid se verjaarsdagpartytjie
C spesiale aanbod om akkommodasiepryse
D dood in die gesin

(5 × 1) (5)

5.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat pas by 'n item in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (5.2.1–5.2..5) in die ANTWOORD-BOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
5.2.1	Buitelands onafhanklik	A	dit word vir 'n spesifieke groep gereël, met lede wat die hele duur van die toer bymekaar bly
5.2.2	Vergeselde persoon	B	hierdie toer is vir een persoon ontwerp
5.2.3	Inklusiewe toerhuur	C	dit verwys na enige toer wat deur 'n gids of gesel vergesel word
5.2.4	Groep inklusief	D	dit is 'n toer na 'n land buite die grense van jou eie land, wat spesifiek beplan is vir 'n individuele reisiger
5.2.5	Onafhanklik inklusief	E	vir hierdie soort toer word vervoer op 'n spesifieke vliegtuig, boot of bus gereël

(5 × 1) (5)

5.3 Jy het by die NYDA aansoek gedoen om befondsing om 'n konferensie-sentrumonderneming te begin.

Noem VYF graderingsmaatstawwe wat deur die Toerismegraderingsraad vir geleentheidslokale gebruik word. (5)

5.4 'n Graderingstelsel vir die geleentheidskoördineerders gee kliënte 'n idee van hoe goed 'n spesifieke geleentheidskoördineerder is.

Noem DRIE algemene aspekte wat deur die graderingstelsel vir geleentheid-skoördineerders gebruik word. (3)

5.5 Jy is gevra om 'n musiekvertoning namens 'n gewilde Suid-Afrikaanse gospel-musikant aan te bied.

Beskryf kortliks wat die kliënt van jou moet verwag sodat die vertoning as suksesvol beskou sal word. (4)

5.6 Volgens jou kennis van Suid-Afrikaanse wette, waarom is die volgende bedrywighede verbode in Suid-Afrika:

5.6.1 Prostitusie (2 × 2) (4)

5.6.2 Verkoop van dwelms (2 × 2) (4)

5.6.3 Drink en bestuur op openbare paaie (2 × 2) (4)

5.7 Wat is 'n *beperkte gebied*? (1 × 2) (2)

5.8 Noem DRIE gebiede wat vir toeriste beperk kan wees. (3)

5.9 Wat moet gebeur as 'n toeris toegang moet verkry tot 'n spesifieke gebied wat beperk is? (1)

[40]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou